



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

VAN:			_____
NAAM:			
SKOOL: PARYS PRIMÊRE SKOOL			%
GRAAD 7 C S T	SEUN (merk met X)	DOGTER (merk met X)	VLAK: ____

Vraag:	1	2	3	4	5	6
Totale punte:	10	10	10	9	12	9
Punte behaal:						

**GRAAD 7
WISKUNDE
EKSAMEN Vraestel
JUNIE 2025**

TYD: 90 minute / 1½ uur

PUNTE: 60



INSTRUKSIES:

1. Lees ALLE vrae noukeurig en deeglik.
2. Beantwoord AL die vrae in die spasies of rame voorsien.
3. ALLE bewerkings moet op die vraestel gedoen word.
4. Jy mag NIE `n sakrekenaar gebruik nie.
5. Jy mag enige wiskundige korrekte metode gebruik.
6. Skryf netjies en leesbaar.


Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

VRAAG 1:

Skryf die korrekte antwoord in die kolom voorsien.

		<u>Antwoord:</u>	
1.1	<u>Bereken:</u> $10 + 14 \times 3 - 10$ is gelyk aan...		(1)
1.2	Die waarde van die 3 in 127,34 is:		(1)
1.3	Watter getal word deur A op die liniaal aangedui? A 		(2)
1.4	Die vierkantsgetalle kleiner as 20 is:		(1)
1.5	Die vierkantswortel van 100 =		(1)
1.6	Indien 2 019 deur 10 gedeel word, is die res...		(1)
1.7	As $x - 21 = -53$, dan is $x = \dots$		(1)
1.8	As ons dobbelstene op 'n tafel in 'n ry teen mekaar pak, is net sommige sye sigbaar: Met 2 dobbelstene in die ry is 8 sye sigbaar; Met 3 in die ry is 11 sye sigbaar, ens. As 50 sye sigbaar is, hoeveel dobbelstene is daar in die ry? 		(2)

[10]




VRAAG 2:Bereken die volgende:

2.1 $8\,245 \times 623 =$ _____ (3)

- 2.2 Mev. Jones betaal R200 vir n boek waarna sy die prys met 20% verhoog om n wins te toon. Sy verkoop dit dan kontant teen `n 5% afslag. Bereken die verkoopprijs van die boek. (3)

- 2.3 Bereken die persentasie verhoging indien die petrolprys gestyg het van R16,00 per liter na R18,00 per liter. (2)

2.4 $\frac{2}{3} + \frac{1}{4}$ (2)

[10]

VRAAG 3:**Bereken:**

3.1 $100^0 =$ _____ (1)

3.2 $\frac{30 - 4 \times \sqrt{9}}{(\sqrt[3]{64} - 1)^2}$ (3)

- 3.3 Sipho is 'n sakeman wat klere vervaardig en verkoop. Hy moet vier nuwe hemde maak. Hy gebruik 1,3 m materiaal vir elke hemp. Daar is slegs 3,5 m van die materiaal oor op die rol. Bereken hoeveel materiaal hy nog sal benodig. (3)

- 3.4 Thabo spaar geld oor 'n periode van drie maande:


Maand 1: R125,75

Maand 2: R98,50

Maand 3: R150,25

- 3.4.1 Hy wil 'n fiets koop wat R420,00 kos. Het hy genoeg geld vir die fiets? (1)
Wys jou berekening vir JA of NEE.

- 3.4.2 Indien nie, hoeveel meer geld benodig Thabo? (1)



3.5 Rond 534 210,918 af tot die naaste honderdste. _____ (1)

[10]

VRAAG 4:

4.1 Voltooi die getalpatroon hieronder: (1)

+4; +2; 0; _____; _____; _____

4.2 Bereken: $-12 + 15 - (-13)$ (2)

4.3 Die temperatuur is 8°C . Indien dit afneem met 10°C en later 'n verdere daling van 2°C registreer, wat is die lesing op die termometer nou? (2)

4.4 Vul < ; > of = in om die volgende stellings waar te maak:

4.4.1 -12 _____ 12 (1)


4.4.2 -100 _____ -100 (1)

4.5 Tshepiso se bankrekening het 'n saldo van $-R750$ (dit was oortrokke).

Gedurende die week:

- deponeer hy R500 van sy toelae.
- onttrek hy R200 om kruideniersware te koop.
- hef die bank 'n R50 fooi vir sy oortrokke rekening.
- plaas sy ma R300 oor in sy rekening om hom te help.

4.5.1 Wat is Tshepiso se finale saldo na al die bogenoemde transaksies? (1)



4.5.2 Hoeveel meer geld moet Tshepiso in sy rekening deponeer om 'n positiewe balans van R100 te hê? (1)

[9]


VRAAG 5:

5.1 Brei die patroon hieronder uit deur die volgende drie terme neer te skryf: (1)

100; 91; 82; 73; _____; _____; _____

5.2 Beskryf die reël van die patroon hierbo in jou eie woorde. (1)

5.3. Die patroon hieronder wys blokke wat in 'n L-vorm gerangskik is.



Gebruik die diagram hierbo om die volgende te voltooi:

Figuur: / Patroon: (x)	1	2	3	10	B	50
Aantal vierkante: (y)	1	3	5	A	29	99
Aantal sye: (z)	4	12	20	76	116	C

A = _____ (1)

B = _____ (1)

C = _____ (1)

5.4 'n Teëlpatroon is so ontwerp dat:

- Ontwerp 1: 5 teëls
- Ontwerp 2: 9 teëls
- Ontwerp 3: 13 teëls ... ensovoorts.

5.4.1 Skryf die reël neer vir die aantal teëls benodig vir die n de ontwerp (1)
deur die volgende te voltooi: $T_n = 4n + \underline{\hspace{2cm}}$

5.4.2 Hoeveel teëls word benodig vir Ontwerp 10? (2)
 $T_{10} = 4(\underline{\hspace{2cm}}) + 1 = \underline{\hspace{2cm}}$

5.4.3 Indien 'n ontwerp 41 teëls gebruik, watter ontwerpnommer is dit? (2)

5.4.4 As elke teël R2,50 kos, bereken die gesamentlike totale koste van (2)
die eerste 5 ontwerpe.

[12]

VRAAG 6:


6.1 Gebruik die reël om die tabel hieronder te voltooi, toon al jou bewerkings:

Reël: $y = 2x - 6$

Invoer (x)	8	18	29	B =	121
Uitvoer (y)	10	30	A =	88	236


A = (1)

B = (2)




6.2 Voltooi die volgende diagram:

(3)



6.3 By 'n fietswinkel staan daar altesaam sewe fietse en driewiele. Hulle het altesaam 19 wiele. Hoeveel fietse is daar?

(3)



[9]

Totaal: 60 punte

